




Die Maand Wat Was


November 2012 Sakegesprek Beleggings Nuusbrieff

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde November 2012

Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011



Bron: Credit Suisse





Bron: ABSA Beleggings

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentendraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uit presteer.

November 2012 - Die Maand Wat Was

Hierdie maand staan ek bietjie stil by die beginsel van die Indeks en wat Indekse beteken. Ons praat gereeld van die JSE Algehele Indeks of van die Dow Jones Indeks in Amerika. Die vraag is gewoonlik presies wat is hierdie Indeks en hoe kry beleggers en fondsbestuurders dit reg om beter as die Indeks te presteer?

Die Indeks is dan ook gewoonlik waarteen beleggers en fondsbestuurders hul prestasie meet. Sien dit soos die stroom in 'n rivier wat teen 'n sekere spoed in 'n rigting beweeg. Die vraag is nou: Is jy besig om hierdie stroom te klop (vinniger te swem), bloot net saam met die stroom te swem of sukkel jy om by hierdie stroom te bly?

Ek wil begin by die twee bekende Indekse genoem, die JSE Algehele Indeks en die Dow Jones Indeks. Die JSE Algehele Indeks is die samestelling van al die maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, gewoog volgens elke maatskappy se markwaarde. Dit beteken dat 'n groot maatskappy meer gewig dra as 'n baie klein maatskappy in die JSE Algehele Indeks. As jy praat van die JSE Algehele Indeks, praat jy dan van die grootste maatskappye wat op die JSE genoteer is en dit verteenwoordig tot 'n mate korporatiewe Suid-Afrika.

Die Dow Jones Indeks bestaan uit 30 maatskappye wat op die New Yorkse effektebeurs genoteer is. In teenstelling met die JSE Algehele Indeks in Suid-Afrika, is die 30 maatskappye in die Dow Jones nie gewoog volgens waarde nie, bloot volgens prys en prysbewegings.

Beide van hierdie indekse gee jou uiteindelik 'n idee van hoe die stroom in die twee markte beweeg, was dit op, was dit af of het dit stil gestaan.

Die vraag is nou – tot watter mate kry beleggers en fondsbestuurders dit reg om beter as die Indeks te presteer? Om hierdie vraag te beantwoord, het ek by Dr Jannie Leach van Nedgroup Investments gaan kers opsteek. Jannie spesialiseer daarin om indeks- en beleggingsprestasies te meet en 'n ontleding te doen van hoe beleggingsfondse relatief tot die Indeks presteer.

JSE Algehele Indeks data tot einde September 2012

	Afgelope 10 Jaar – prestasië per jaar	Afgelope 15 Jaar – prestasië per jaar
JSE Algehele Indeks	17.6%	15.5%
Beste fonds	21.5%	19.2%
Swakste fonds	14.6%	10.3%
Gem fonds	18.1%	13.4%
Hoeveelheid fondse beter as die JSE Algehele Indeks	29	3
Oorspronklike hoeveelheid fondse om van te kies	82	34

(Onthou, historiese prestasie is nie 'n vooruitskating van wat in die toekoms gaan gebeur nie)

Hierdie statistiek wys hoe moeilik dit werklik is om beter as die Indeks te presteer en ook hoe min beleggers, fondse en fondsbestuurder by die stroom (JSE Algehele Indeks) kan byhou. As ons kyk na die afgelope 15 jaar, tot einde September 2012, het die JSE Algehele Indeks gemiddeld teen 15,5% per jaar gegroei. Die gemiddelde fondse het egter by die stroom agtergeraak, deur slegs 13,4% per jaar te lewer, en wat nog meer belangrik is, is dat slegs 3 uit die 34 fondse (wat 15 gelede daar was) dit reggekry het om beter as die Indeks te doen. Die kans om 'n fonds te kies, wat die Indeks sou klop, was minder as 1 uit 10. Anders gestel - die indeks het meer as 9 uit elke 10 fondse geklop!

Let daarop dat hierdie syfers in lyn met die ervaring in die res van die wêreld is – dit is eenvoudig baie moeilik vir beleggers en fondsbestuurders om beter as die indekse te presteer. Die vraag is nou, indien dit so moeilik is om beter as die Indeks te presteer, waarom belê mens nie sommer direk in die Indeks nie – amper soos om elke jaar te weet jy kry die silwer of brons medalje, maar ten minste weet jy dat jy nooit heel agter gaan wees nie.

Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse beleggers is stadiger as die res van die wêreld wat beleggings in Indekse en Indeksfondse betref. In die VSA word meer as 50% van alle beleggings tans in Indekse belê – omrede dit goedkoper is en ook omdat fondse en fondsbestuurders sukkel om beter as die Indeks te doen.

In Suid-Afrika kry ons al meer indeksbeleggings en beleggingsprodukte wat in die JSE Algehele Indeks belê. Ek is oortuig dat ons die res van die wêreld gaan volg en dat al meer beleggers Indekse as die hoeksteen van hul portefeuljes gaan kies.

‘n Dag in die lewe van die VSA president

Die nuus gaan in die volgende dae oorheers word deur die Amerikaanse presidentsverkieping. As jy graag ‘n blik wil kry in die lewe van ‘n Amerikaanse president, hierdie artikel deur Michael Lewis is een van die beste artikels wat ek in ‘n baie lang tyd gelees het: <http://vnty.fr/Q2eQC0>.

Sakegesprek opgedateer

Ons het al die onderhoude met Sakeleiers op die webbladsy gelaai, onder die opnameskakel: www.sakegesprek.co.za. Besoek gerus die webbladsy, behalwe dat al die onderhoude daarop gelaai is, is die Nasionale Beplanningskommissie se Plan ook op die webwerf beskikbaar.

Die volgende reeks van Sakegesprek word vir April 2013 beplan. Indien julle enige voorstelle het wat gaste en voorstelling betref, sal ek graag daarna wil kyk – stuur gerus ‘n e-pos aan my.

KykNET se nuwe ontbytprogram - Dagbreek

Vanaf Maandag 5 November elke oggend van 06h00 tot 08h00 op die lug. Ek gaan elke Maandag en Donderdag omstreeks 06h30 gesels oor die belangrikste sake-, ekonomiese- en marknuus. Op ‘n Maandagoggend gaan ek kyk na die week wat kom, ontleed waarop die markte gaan fokus en wat die moontlike gevolge kan wees. Donderdagoggend se program gaan fokus op wat besig is om te gebeur en die gebeure in konteks plaas. Die plan is om nie op daaglikse syfers en bewegings te fokus nie, maar eerder op nuus wat kan bydra tot besluite – hopelik op so ‘n manier dat almal daarby baat vind!

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur ‘n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op
TWITTER



Volg ons op twitter @sakegesprek vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.